## Die ontwikkeling van die materie

**103**(Die Meester:) "Toe Ek in die aanvanklike begin die geeste as My rypgeworde idees uit My na buite gebring en hulle sodanig met My krag vervul het dat hulle self begin het om te dink en te wil, moes aan hulle ook voorskrifte gegee word waarvolgens hulle moes dink, wil en ten slotte handel. Tesame met hierdie meegedeelde en gegewe reëls, moes egter ook die prikkel om hulle nie aan hierdie reëls te hou nie, in hierdie eerste wesens geplaas word, omdat hulle andersins nooit in staat sou gewees het om op een of ander wyse hulle wil te gebruik nie. Die prikkel wat in hulle geplaas was, het eers `n egte lewensgevoel in hulle veroorsaak wat tot gevolg gehad het dat hulle begin het om besluite te neem, te kies, vasbeslote te wil en te handel.

[2] As mens dít besef, is dit uiteindelik werklik maklik om te verstaan dat reeds by die eersgeskape geeste `n bepaalde soort onkruid sigbaar moes word, omdat die prikkel redelik baie van die eerste geeste van die reëls laat afwyk het en hulle, omdat hulle hulself steeds kragtiger teen die reëls verset het, ten slotte moes verhard en op dié manier die fondament voorsien het vir die skepping van die materiële wêrelde.

[3] Eers is daar hoofsentraalsonne geskape en daaruit ontstaan vervolgens alle tallose ander sonne en hemelliggame, met daarby al die ander wat julle daarop, daarbo en daarin ontdek en vind.

[4] Alles wat nou materie is en genoem word, was eens iets geesteliks, wat vrywillig Elohim se goeie orde verlaat het, en op grond van die verkeerde impulse geleef en daarin verhard het, wat dan die materie gevorm het en waaruit dit bestaan. Die materie self is daarom niks anders as iets geesteliks met `n spesifieke oordeel en wat uit sigself verhard het; nog duideliker gesê, is dit `n uiters growwe en swaar huid of omhulsel van die geestelike.

[5] Die geestelike kan egter, as gevolg van die harde en growwe omhulsel, nooit self volkome materie word nie, maar leef voort en bestaan in die materie, van welke aard dit ookal is. As die materie uiters hard is, dan is die geestelike lewe daarin ook uiters aan bande gelê, en dit kan op sigself nie op die een of ander wyse verder manifesteer en ontplooi as daar van buite af geen hulp aan hom gegee word nie.

[6] In die harde gesteente kan die lewe eers dan manifesteer as die rots gedurende die verloop van lang tydperke deur reën, sneeu, dou, hael, blitse en nog ander elemente week, en steeds broser en broser word. Daardeur ontsnap dan ietwat van die lewe soos eter in die lug, en `n deel vorm `n nuwe en ligter omhulsel vir homself, eers in die vorm van tere skimmels, en vervolgens as mosplante; maar op die lange duur versamel dit die vryer lewe, op sigself omdat dit ontevrede is met hierdie omhulsel, en skep weldra `n nuwe omhulling, waarin dit vryer en selfstandiger kan beweeg.

[7] Solank die nuwe omhulsel teer en week is, voel die gevange geestelike lewe goed en verlang niks beter nie. Maar die aanvanklike heel tere omhulling word deur die inwendige aktiwiteit van die geeste, wat nou onophoudelik volhard om al die stoflike wat druk op hulle uitoefen, uit die weg te ruim, ook weer harder en growwer; daarom streef die geestelike lewe na bo, vorm daardeur die grashalm, en in die verdere verloop die boomstam, en probeer om homself teen die verharding, wat van onder af ontstaan en steeds groter word, te beskerm deur van steeds nouer getrokke ringe en inkepings te maak. Maar omdat van hierdie bedrywigheid ten slotte tog geen ontkoming aan die algehele verstarring te verwagte is nie, vernou hulle die onderste deel van die stam soveel as wat maar enigsins moontlik is, en vlug verder na klein takkies, vesels, blare, haartjies, en uiteindelik na die bloeisel; maar omdat ook dít alles al gou weer harder en harder word, en die geeste merendeels sien dat al hul moeite tevergeefs is, begin hulle hulleself weldra in `n sekere sin te in te hul en hul toevlug te soek in omhulseltjies, waar hulle baie stewig vir hulle `n beter passende, materie om hulle heen maak.

[8] Daardeur ontstaan dan allerlei sade en vrugte. Maar die mees selfsugtige deel van die lewe wat in `n plant vryer geword het, vind nie veel baat daarby nie; want dit wat ingehul is in `n stewige kiemomhulsel, moet ewe dikwels dieselfde weg gaan as die aantal kere wat die saad in die vogtige en met lewe versadigde aarde kom. Die ander, meer geduldige lewensdeel, wat dit hom laat welgeval om in die onderste materie as skildwag en as draer van die ywerigste, vreesagtigste en ongeduldigste lewe agter te bly, vergaan vinnig en gaan baie gou in `n hoër en vryer lewensfeer oor, omhul homself weliswaar nog steeds, maar gewoonlik met `n diervorm wat reeds by hom pas; en van dit wat as vrug deur diere, en selfs mense verteer word, word die growwer gedeelte gebruik vir die vorming en voeding van die liggaam, die edeler deel word `n senuversterkende, en lewenswekkende gees en die edelste deel word substansie van die siel."

## Selfsug as oorsaak van die materie

**104** (Die Meester:) "As julle hierdie ontwikkeling nou bietjie van nader beskou, dan sal julle dit regtig nie moeilik vind om die werklike diepte van die waarheid in te sien vanwaar die onkruid op die suiwer landerye van die lewe afkomstig is nie.

[2] Alles wat wêrelds en materieel is, is iets wat verkeerd is, wat altyd noodwendig teen die ware, geestelike orde van Elohim indruis, omdat dit oorspronklik as `n teenwerkende prikkel daarin geplaas moes word, om die vrye wil op te wek in die idee wat tot lewe gewek is en as afsonderlike wese deur Elohim na buite gebring en op die korrekte wyse gevorm is en dit moet daarom beskou word as die egte onkruid op die enigste ware en geestelik suiwer lewensakker.

[3] Hoewel die onkruid oorspronklik `n noodsaaklikheid is ter bevestiging van `n volkome vrye, geestelike lewe, moet dit uiteindelik egter tog deur die vry geskape menslike wese as sodanig herken en vrywillig weggewerk word, omdat hierdie wese onmoontlik daarmee saam kan voortbestaan. Dit is wel `n noodsaaklike middel om die doel te bereik, maar kan nooit één word met die doel nie.

[4] Die net is `n noodsaaklike middel om visse mee te vang, maar wie sal dit in die water dompel en daarmee geen vis vang nie, maar die net as sodanig weer daaruit te haal, dit dan op die vuur te rooster en as voedsel te gebruik?! Die net is daarom maar net nodig om visse te vang; en as mens daarmee die visse uit die water gehaal en in die voorraadkamer gestoor het, bêre mens die net en mens gebruik dit wat mens daarmee verkry het.

[5] So moet ook die prikkel tot die oortreding van die gebod aanwesig wees; dit is `n opwekker van die kognitiewe vermoë en van die vrye wil. Dit vervul die siel met lus en vreugde solank dit die prikkel baie goed waarneem, maar nie daaraan gehoorsaam is nie, dit juis egter steeds met die

vrye wil bestry wat deur die prikkel in haar gewek en van lewe voorsien word, en so gebruik die vrye siel dit dan as middel, maar nie as doel op sigself nie.

[6] Die leersak is tog ook nooit die wyn self nie, maar slegs `n voorwerp om die wyn in te bewaar. Wie sal egter so dom wees om vanweë die verlokkende geur dadelik aan die sak te byt en dit te beskadig, terwyl hy tog weet dat hy die sak slegs op die regte plek hoef oop te maak om die suiwer wyn daaruit te kry?!

[7] Die onkruid, of die prikkel tot die oortreding van die wet, is daarom iets ondergeskiks, en mag nooit as te nimmer hoofsaak word nie. Wie die ondergeskikte tot hoofsaak maak, lyk soos `n dwaas wat hom wil versadig met die pot waarin goeie kos gekook word, maar die kos weggooi!

[8] Waaruit bestaan dan die onkruid, wat deur te vergaan die lewe moet bemes? Watter naam is dan gegee aan die prikkel wat in die vorm wat tot lewe gewek is geplaas is,en teen die wet indruis? **Dit heet eieliefde, selfsug, hoogmoed en ten slotte heerssug.** Deur die eieliefde soek die lewende vorm weliswaar homself, maar met hebsug wat alles in homself opneem met die bedoeling om dit dan vir altyd so op te sluit en te bewaar dat dit nooit vir iemand anders as alleen homself ten goede kan kom nie, uit vrees om self ooit êrens gebrek te ly! Deur hierdie opneming en afsluiting in sy wese van alles wat dit steeds opneem uit die orde van Elohim wat alles voed en onderhou, moet in die wese `n altyd toenemende verdigting ontstaan, en `n sekere, tydelike deeglikheid en superioriteit, en daardeur `n buitengewone tevredenheid met homself - en dit is in die ware sin en betekenis van die woord selfsug, wat die eie self as iets voelbaar ten volle gewigtigs met alle krag en geweld bo elke ander persoon wil verhef met al die middele wat hom tot dienste staan, selfs al sou dit van die slegste soort wees.

[9] As die selfsug sy doel bereik het, verhef hy homself bo alles wat soos hy lyk, en sien in `n sekere sin dronk van geluk, minagtend op alles neer; en hierdie minagting lyk soos die afkeer wat `n oorvol maag het vir die kos wat voor hom staan, en dit is dan dit wat mens hoogmoed noem. Daarin is reeds `n baie groot hoeveelheid materie en `n hele veld vol van die ergste onkruid.

[10] As sodanig is die hoogmoed egter uitermate ontevrede, omdat dit nog steeds konstateer dat alles nog altyd nie so aan hom ondergeskik is as wat hy sou wens nie. Hy gaan nou al sy middele en orige moontlikhede na, en kom tot die gevolgtrekking dat hy alles aan hom ondergeskik sou kon maak as hy hom, uit `n taktiese oogpunt, sou voordoen as `n doeltreffende en vrygewige persoon. So gedink, so geprobeer en gedoen! Omdat daar altyd meer hongeriges is as mense wat voldoende te ete het, het die rojaalgeworde hoogmoed dit heel maklik. Weldra versamel alle hongerlydende kleine kragte hulle om hom heen en laat hom toe om hulle te oorheers, omdat hulle ook nou iets kan geniet van die rykdom van die hoogmoed. Hulle gehoorsaam die hoogmoed nou reeds slaafs en vermeerder daardeur sy krag, en die hoogmoed probeer nou al dadelik om baie, of beter gesê, alles, aan homself diensbaar en skatpligtig te maak. En hierdie onversadigbare strewe is dan dit wat mens in die ware sin van die woord die allerverderflikste heerssug noem, waarin geen liefde meer heers nie.

[11] In dié heerssug kom dan die hardste materie tot uitdrukking; `n planeet wat algeheel tot graniet verhard is, kan daardeur reken met `n keur van alle moontlike kwaadwillige elemente. `n Bewys dat die heerssug, en daarmee dit wat werklik heers, gelyk staan aan die digste materie, is die buitengewoon soliede kastele en vestings waaragter die heersers hulle verskans. Baie dik moet die mure wees, en beman deur sterk soldate, sodat niemand in staat sal wees om ooit deur die allergrofste materie te breek, en die heerser in sy hoogmoedige rus te benadeel nie. Wee die swakke as hy dit sou waag om slegs één steen uit die vesting van die heerser te wring; hy sal weldra vermorsel en vernietig word!

[12] Ek bedoel hier egter nie die heersers en regente, wat Elohim se orde hier aangestel het ter vermindering van die heerssug van elke enkeling en om as bepalers en instandhouers van nederigheid en beskeidenheid, liefde en geduld te dien nie; want hierdie regente van die volke wat deur Elohim aangestel is, moet dít wees wat hulle is, en kan nie anders handel as op die manier waarop hulle gedryf en gelei word deur die wil van die almagtige Elohim, ter verbetering van die volke nie. Hier gaan dit maar net oor die algemene, egte heerssug van elke afsonderlike gees en elke afsonderlike mens, en hier is getoon wat heerssug in wese is. Ja, daar was wel heersers wat mens erge tiranne noem! Dié het uit die volk opgestaan, het teen die heersers wat deur Elohim aangestel is, in opstand gekom, soos eens Absalom teen sy eie vader Dawid. Sulke heersers is nie deur Elohim aangestel nie, maar deur hulleself, en daarom is hulle sleg, en ware onkruid, en ooreenkomstig vorms van die hardste materie.

[13] Maar jy, My Cyrenius, en jou keiser is dit nie. Hoewel julle nog heidene is, is dit My wil dat julle is wat julle is! Julle is vir My as heidene liewer as baie konings wat, as aangestelde leiers van Elohim se kinders, slegs ware liggaamlike, en meer nog geestelike moordenaars van hulle was. Daarom is hulle egter ook vir altyd van die ou trone en krone en septers afgeneem, en aan julle, wyser heidene, toevertrou. - Ek vind dit nodig om hier hierdie woorde by te voeg om te voorkom dat jy, My Cyrenius, sou begin dink dat Ek sou meen dat jy en jou neef as gewelddadige heersers op die heerserstroon sou sit. - En nou verder met ons beskouing oor die onkruid op die goeie land!"